

Rietfluit familiebrief

November / Desember 2004



Kersseënwens van Pastorie-gesinne

Vir ons as kinders van die Here is Kersfees 'n ware Christusfees en het die volgende seënname beteken:

Jesus: ons sondes is vergewe

Christus: is ons Koning wat ons verseker van 'n heerlike

toekoms by Hom

Immanuel: beteken dat God nou en altyd by ons is!

Mag u hierdie feestyd die vreugdevolste Kersfees ooit ervaar!



Geseënde Christusfees!

Oase vir ouers

Vakansietyd is te doen. Deur programme en



'n wonderlike geleentheid om saam as gesin dinge te doen. Deur programme en die jaar gaan dit vinnig en ons het vol moet saam met Edna Pick erken: Baie kosbare en onvervangbare tye saam met my kinders het verlore gegaan omdat daar altyd iets dringender was as my tyd saam met hulle.

Benut hierdie feestyd as 'n geleentheid om gesinsverhoudinge te bou en mekaar te geniet. Doen hierdie vakansie dinge saam. Kuier saam om die braaivleisvuur, stap saam, lees saam Bybel en bid saam, bak en brou saam, ontspan saam, speel saam en lag saam!

Leer weer saam om die tafel eet en lekker te kuier, eerder as voor die TV. Waak oor julle gesinstyd saam. Soek dinge wat julle saam kan geniet en deel die dinge wat vir julle mooi en lekker is met mekaar.

Kyk rondom jou en sien wat gebeur, al jou kinders kom bymekaar en hulle kom na jou toe. So seker as Ek lewe, sê die Here, jy sal oor hulle so bly wees soos 'n vrou oor halssnoere, soos 'n bruid oor haar juwele (Jes 49:18)



Geniet mekaar hierdie feestyd!

Ds Leon van Heerden



DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Dit voel soos 'n oomblik gelede dat ons vir die jaar 2000 gewag het om aan te breek en die woord millennium woes rondgegooi is, en nou is 2004 al byna onder ons uit, en die millennium skoon vergete.

Baie dankie aan elkeen van u wat op watter manier ookal bygedra het sodat Diens van Barmhartigheid met groot sukses bedryf kon word. Of u nou betrokke was met finansiële of ander hulp by Huis 4 – Jakaranda Kinderhuis, of Huis Yana, alimentasie, Werksklas, Koskas, begrafnisbediening of waar ook al, dit word raakgesien en opreg waardeer. Mag u almal 'n vredevolle feesgety beleef en 2005 met nuwe ywer aanpak!!



SENDINGDEEL GOD SE LIEFDE EN GENADE MET HINDUS

KLASSIEKE OF FILOSOFIESE HINDUISME

- *Die geloof dat daar net een God is:* Daar word geglo dat die baie gode die gesig van een God is; soos gesien as die Een Absolute Prinsipaal, genaamd Brahman. Elke ding wat bestaan het dus sy ontstaan deur hom. Hy het dit nie gemaak nie, maar eerder geboorte geskenk wat dan eintlik meen dat elke ding goddelik is.

Teenkanting teen hierdie onpersoonlike mening van God, bestaan in die skoling wat leer dat daar 'n nie-persoonlike betrokkeheid van God met hierdie skepping is. Nou is daar ruimte vir persoonlike aanbidding en toewyding. (Bhakti)

- *Die geloof in karma, die wet van rede en gevolg:* Wat jy saai sal jy oes. Almal sal swaarkry of die nagevolge van hul optredes geniet. Dit is 'n etniese wet wat die regverdige vergoed en die onregverdige straf.
- *Die geloof in reïnkarnasie of samsara.* Karma maak die geloof in reïnkarnasie noodsaaklik. Jy het 'n ander geboorte nodig om die nagevolge van jou aksies te oes. Jy mag moontlik as 'n priester of 'n dier terugkeer.

- *Die geloof in maya of illusie.* Maya is die geloof dat die sigbare `n illusie is. Dit is nie werklik nie; dit is van verbygaande aard. Die sigbare verblind `n persoon tot die onsigbare. Die basiese vraag wat die Hindu soek om beantwoord te word, is hoe hy van die illusie verlos kan word.
- *Die geloof in moksha of vrylaat.* Moksha is vrylating van die ketting van hergeboorte en van die illusie van die menslike bestaan (maya). Dit gebeur wanneer `n persoon een word die Absolute Werklikheid (Brahman), soos `n druppel water in die oseaan. Hierdie vereniging of ekstase word *samadhi* genoem en dit kan bereik word deur die metodes van die ses oorlewingskole of darsanas. Van hierdie is die Yoga-skool of spirituele dissipline met sy sewe departemente belangrik.

Hiervan moet kennis geneem word.

1. *Die geloof in adhikara of spirituele bekwaamheid.* Die leerstelling verlang dat die geloofsdissipline en rituele in lyn moet wees met die spirituele bekwaamheid of aanleg van die persoon.
2. *Die geloof in isshta-devata of verkose godheid.* Die leerstelling leer dat die Aanbidders moet van die baie forms van Absolute Werklikheid (Brahman) kies; dit is die god of gode wat aan hulle spirituele behoefte voldoen.

Hierdie twee leerstellings lei ons na die hart van Populêre Hinduïsme. *(met volgende uitgawe)*




KOERDE

'n Spesiale vergadering ten opsigte van sending aan die Koerde sal op 13 Januarie 2005 om 18:30 plaasvind. Almal is hartlik welkom om die vergadering by te woon - u saamdink vir die toekoms word opreg waardeer!!

Ons gaan net weer kyk wat is ons opdrag ten opsigte van die Koerde; het ons daar uitgekom en hoe gaan ons as Gemeente die pad vorentoe loop

om God se opdrag uitgevoer te kry. Dit is 'n Gemeente-visie en daarom het ons die Gemeentelede se idees nodig.

GEORGE DICKINSON



Jeugwerker

Rietfontein-Suid Gemeente

George vertel: "Ek is op 22 Mei 1972 in Boksburg gebore. Ek het in 'n gewone huis groot geword; met gewone ouers en vyf susters! My ouers woon nog in Boksburg.

Op 5-jarige ouderdom is ek na Hennie Basson Akademiese Laerskool. Ek het my hele Laerskoolloopbaan daar deurgebring.

Vir my 5 hoërskooljare was ek in Voortrekker Akademiese Hoerskool - bygesê - *Skool was nie vir my lekker nie*. Ek was 'n dagdromer en is baie daaroor. Ek het maar 'n gewone skoolloopbaan gehad en nie juis in iets uitblink nie. Ek dink ek was een termyn klaskaptein. Ek het in 1989 gematrikuleer en het op 'n loopbaan in die Suid-Afrikaanse Polisie besluit. Ek het my opleiding by die Suid-Afrikaanse Polisie se Opleidingskollege in Pretoria op 15 Junie 1990 voltooi. Ek het op Jan Smuts lughawe as konstabel begin werk en is 'n jaar later na 'n eenheid in Pretoria verplaas.

Op 1 Februarie 1992 is ek na Jakkalsdans Opleidingsinstituut verplaas waar ek vandag nog werk en gedurende 2003 as instrukteur aangestel is. Ek is nou 'n volwaardige SWAT-instrukteur en lei daagliks nuwe en ou lede van die Suid-Afrikaanse Polisie op.

Na 'n huwelik van byna 4 jaar, is ek in 2000 geskei. Die vreugde is dat ek tans in 'n verhouding met 'n wonderlike vrou is met wie ek op 10 November 2004 verloof geraak het. Ons hoop om middel 2005 te trou. Ek is sedert 2001 betrokke by die jeugwerk in die kerk; en is van die oortuiging dat hierdie pad vir my uitgestippel is, want hierdie werk is my groot lewenspassie!"

(Red: Na vele soektog kon ons net 'n afbeelding van "George die Denker" kry- keer hom maar by die kerk voor om amptelik te groet!!)

"George die Denker"



Vreugdewense vir Kerstyd en 2005!

Kersversierings en die geklank van kersmusiek herinner elkeen deeglik aan die tyd van die jaar - dis adventtyd in die jaar 2004!

Die jaar het voortgespoed en met die draai van nog 'n jaar, is vele nuwe ervarings nou net herinneringe van die jaar. Die wens van die **Rietfluit Redaksie** is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in die komende jare sal wees.



Mag hierdie Kerstyd werklik vir elke lidmaat 'n Christusfees wees en die nuwe jaar besaai word met geluk, vrede en blydschap!